

**6 Mei**

**Skrifgedeelte: Psalm 67**  
**Fokusgedeelte: Psalm 67:5**

**Ons wil hê al die nasies moet Hom loof**

Omdat die Here ons uit genade gered het en ons die ware lewe geskenk het, is ons dankbaar en bly. Ons wil Hom elke dag loof en prys. Ons kan eenvoudig net nie stilbly nie. As ons egter na die samelewing rondom ons kyk, sien ons met hartseer hoe die slagveld van Satan en die sonde rondom ons lyk. Ons sien hoe mense in hulle sondeverlorenheid voortstropel en mekaar vertrap en vernietig.

Ons weet saam met die Psalmdigter die mensdom se enigste hoop is God Self. Hy verlos in en deur ons Here Jesus Christus. Net Hy kan mense uit hulle sondedood red, maar die probleem is hulle ken Hom nie! Hoe sal hulle Hom leer ken? Dit is presies hier waar ons elkeen persoonlik in die prentjie kom. Ek en jy moet hulle van die Verlosser vertel. Ons, die kerk van die Here, is daar om die nasies in te lig oor die enigste, ware Verlosser en Saligmaker. Dit is immers die groot opdrag wat Hy in Matteus 28:19 aan sy kerk gegee het!

'n Mens verneem deesdae van fenomenale groei in die Christelike geloof in die Verre Ooste en ook in Afrika. In 'n profetiese vergesig jubel en juig die Psalmdigter in verse 7 en 8 oor die "oes" wat die land gelewer het. Hierdie "oes" is dieselfde oes waarvan ons Here Jesus praat as Hy sê dat die oes groot is en die arbeiders min is.

Is jy bereid om daar waar jy woon en werk 'n arbeider in sy diens te wees? Sy oes moet ingesamel word.

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 2, 4*

*Dr DJ de Kock (Krokodilrivier)*